

CHRISTELIKE BIBLIOTEEK OP FACEBOOK

INHOUDSOPGAWE

Christelike Biblio- teek op Facebook	1
Bekering is om te kies	2
Konsentrasie	5
Verwondering oor die liefde	7
Seën	8
Volharding	11

Ja, die Christelike Biblioteek is nou ook op Facebook. Kom besoek ons gerus, maak voorstelle en raak betrokke. Ons is nog groentjies, julle raad sal ons baie help!

Facebook is 'n middel waardeur 'n mens met baie mense tegelykertyd kan kommunikeer. Juis daarom is dit ook 'n kragtige middel om te wys wat vir jou belangrik is, en wie werklik sentraal staan in jou lewe. Dit beteken nie dat 'n mens gebeurtenisse in jou lewe op hierdie manier kan deel, of 'n grappie of twee plaas, nie. 'n Mens kan soms lekker hiervan geniet! Maar kan ons nie meer met ons Facebook bladsy doen nie? Daar is verseker ook 'n plek daarvoor om Facebook te gebruik om te wys waarvan ons as Christene se hart werklik vol is. Daar is natuurlik allerlei maniere waarop 'n mens dit kan sigbaar maak. Een daarvan is miskien ook om mense te vertel wat jy lees en wat dit vir jou beteken. Hopelik kan Christelike Biblioteek julle hierby help!



REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopiel976@gmail.com

BEKERING IS OM TE KIES

H Folkers



‘Nee’, sê Pieter, ‘ek is nog nie reg om belydenis af te lê nie.’ Verbaas kyk sy leeftydgenote na hom. Die dominee het kort tevore die onderwerp aan die orde gestel. Almal was in die oudste kerkisasiegroep. Dit was amper ’n feit dat Veronica nie belydenis van geloof sou aflê nie, maar oor die ander was daar feitlik geen twyfel nie.

‘Wat gaan aan met jou?’ vra Inge geskok, ‘Mag ons weet hoekom?’

‘Natuurlik’, antwoord Pieter met vrymoedigheid, ‘ek is nie bang om met julle daarvoor te praat nie. Ek is nog nie gereed daarvoor nie. Wanneer jy

belydenis van jou geloof aflê, kies jy vir ’n lewe saam met God. Dan moet jy ook volgens God se wil begin lewe. En ek voel dat ek nog te veel dinge doen wat God nie gelukkig maak nie.’

Sy vriende luister verbaas na hom. Is Pieter besig met dinge wat God nie goedkeur nie? Maar hy is dan presies dieselfde as ons. Is daar iets skelms wat hy wegsteek?

‘As jy nie hieroor wil praat nie, moet jy so sê’, meng Herman in by die gesprek. ‘Maar waarmee is jy dan besig wat God nie goedkeur nie?’

‘O, dit is nie ’n geheim nie en ook niks skelms nie’, sê Pieter, ‘maar ek kan my nie voorstel dat dit nie vir God reg is as ek saam met julle na sekere video’s sit en kyk nie. Volgens my hoort dit ook nie by ’n gelowige lewe om Saterdaggaande, tot diep in die nag, in nagklubs rond te hang nie. God sal beslis ook nie gelukkig wees wanneer ek ná vyf biere huis toe bestuur en dan ook nog die volgende oggend met ’n vakerige kop in die kerk sit nie.’

Herman onderbreek vir Pieter en sê: ‘Ja, maar ons maak mos almal so, dit is tog niks snaaks nie? Hoekom maak jy nou so ’n probleem daarvan?’

‘Dit is juis waaroor dit gaan,’ sê Pieter, ‘dit is vir my moeilik dat ons dit as normaal aanvaar. Verstaan my mooi, ek self dink ook dat dit ‘normaal’ is, maar wanneer ek daarvoor nadink, is dit nie reg nie. Dit hoort nie by ’n lewe waar God in beheer is nie. Daarom glo ek dat ek my lewe moet verander voordat ek geloofsbelydenis kan aflê.’

Christus is nie werklik Heer in ’n mens se hart voordat die Skrif nie Heer is van sy verstand en sy gewete, nie.

- JI Packer

Herkenning?

Geloofsbeleving is vir elke Christen 'n ingewikkelde saak, dus ook vir 'n jong Christen. Vanselfsprekend is daar onverskilliges vir wie niks 'n probleem is nie. Hulle leef hul lewe en geniet van enige iets wat op hul pad kom. Maar gelukkig is daar nie soveel van sulke jong mense in die kerk nie. Die meeste jongmense wil nie die band met God en sy gemeente verloor nie. Tog lok die onstuimige, bruisende lewe met alle moontlike middele tot sy beskikking. En wanneer dit oor die gedrag van sommige jongmense gaan, moet 'n mens die dinge ook soms by die naam noem: Slegte films, oormatige drankmisbruik, disko besoeke, taalgebruik ens.

Wanneer hierdie onderwerpe ter sprake gebring word, loop dit op hewige diskussies uit. Dit is immers moeilik om 'n grens te trek wanneer TV en video's gekyk word: na wat mag jy wel en wat nie meer kyk nie? Oor die onderwerp drank hoor 'n mens byvoorbeeld gereeld: Eén persoon kan meer hanteer as 'n ander.

Maar tydens die bogenoemde gesprek by die katkisasie les, is hierdie dinge skielik in 'n ander lig geplaas.

Herman is 'n gewone Christen-jongman, soos baie ander. Hy is meelewend, betrokke en voel ten volle deel van die gemeente. Tog ervaar hy glad nie enige spanning tussen sy Christen-wees en sy gedrag nie.

Vir Pieter is dit anders. Hy het bewus gaan sit en nadink: Wat beteken dit wanneer jy kies vir 'n lewe saam met God?

Beide jongmense is baie bewus van wat sonde is: wanneer jy rêrig te ver gaan. Hierin het hulle ook ondervinding en hulle weet hoe om daarmee om te gaan: Skuld vra berou, en daarna is dit ook nodig om vergifnis te vra.

Maar dat bekering nog 'n ander kant het, beleef hulle verskillend.

Bekering

Tydens katkisasie leer jy al baie vroeg dat bekering beteken om jou rug na die sonde te draai en met jou gesig na God te kyk. En uit bostaande gesprek sien ons dat Christene oor

**Hy het bewus gaan sit en nadink:
Wat beteken dit wanneer jy kies vir
'n lewe saam met God?**

die algemeen baie ervaring het met sonde en vergifnis. Sonde moet bely en bestry word.

Maar die gevolge van 'n lewe toegewy aan God, is prakties baie moeiliker om te beskryf.

Herman sal tipies sê: 'Wat is nou daarmee fout om na 'n spannende film te kyk?' En ja, soms soek ons iets wat 'n bietjie grof is. Ons kan mos nie altyd na 'Sound of Music' kyk nie. 'n Bietjie kaal en 'n bietjie bloed is tog nie so erg nie?

Die motto van hierdie lewenshouding is: 'Dit moet moontlik wees.' Jy wil rêrig lewe vir God, maar God moet ook so nou en dan Sy oë kan toekny.

Maar Pieter voel aan dat dit nie reg is nie. Natuurlik kan jy argumenteer oor wat wel en wat nie verantwoordbaar is nie, maar wanneer jy voor God staan, verander jou lewe. Dan vra jy nie meer waarmee jy nog kan wegkom nie, maar jy oordink: 'Wat vra God self van my, wat maak Hom gelukkig?'

Ja, en dan besef jy dat as jy daarna streef, jy nog steeds baie tekortkominge het. Maar dit is nie erg nie. Hierdie besef is normaal by 'n lewe waar egte bekering 'n rol speel. Ondanks alles rig jy

**Waar die geloof in die volmaakte diens van Jesus Christus gevind word,
daar sal hierdie rykdom ook mense diensbaar maak in barmhartigheid.**

- Anon

jou lewe so in, dat jy altyd rekening hou met dit wat God van jou vra.

Om te kies

Die hele lewe bestaan eintlik uit keuses maak.

Wanneer jy 'n ekstra biertjie drink terwyl jy nog moet bestuur, kies jy teen die wet. Wanneer jy op 'n sekere manier praat, kies jy jou woorde. Wanneer jy 'n toegangskartjie vir die bioskoop koop, kies jy daarvoor om daardie fliëk te gaan kyk.

Nie elke keuse wat jy maak is ewe sleg nie, maar dit is wel 'n keuse.

Herman sê: 'Sulke keuses maak ek vanuit myself en ek kies waarvan ek hou. Wanneer dit 'n verkeerde keuse is, dan is dit nog vroeg genoeg om vergifnis te vra.'

Pieter sê: 'Aan alle keuses gaan 'n ander keuse vooraf. As jy jou lewe vir God gee, beteken dit dat Hy seggenskap in jou lewe het. Dus maak jy jou keuses saam met Hom.'

Pieter besef dat jy nie keuses kan maak sonder God, as jy ernstig gekies het vir 'n lewe saam met God, nie. Dan sal jy elke keer weer moet vra: 'Vader in die hemel, wat wil U hê moet ek doen?'

Eers wanneer jy so kies, kan jy as Christen verantwoordelike keuses maak op elke lewensterrein.

Bekering

As gereformeerdes haat ons dit om oor bekering as 'n eenmalige moment in jou lewe te praat. Ons vra nie vir mekaar: 'Wanneer het jy tot bekering gekom?' nie.

Tog is Pieter reg: Wanneer jy kies vir God, moet jou lewe 'n ander fokus hê.

Dit het min waarde om 'n bekeringsmoment aan te wys. Tog sal jy, wanneer jy vir 'n lewe met God kies, die magtige teken van die doop jou eie moet maak. Jou ou lewe begrawe en jou nuwe lewe begin. Wie sy doop so leer verstaan en aanvaar, gaan soos 'n wedergebore mens voel: soos 'n nuwe mens.

Hierdie nuwe mens oorwin die oue. Dit beteken dat jy jou nie meer laat beïnvloed en meesleur deur die aanloklikhede van die wêreld en jou eie begeertes nie. Nee, dit verander. Jy roei stroom op deur die krag van die Heilige Gees.

En die Heilige Gees leer jou om die regte vrae te vra: 'Here God, wat wil U hê moet ek doen?'

Om te lewe beteken om keuses te maak. Bekering leer jou hoe om dit te doen, naamlik dat jy vir God moet kies.

Jy weet ook hoekom: want God het vir jou gekies.

Ek hoop dat Pieter nie net homself nie, maar ook sy vriende aan die dink gesit het. En, deur middel van hierdie artikel, miskien ook sy ouers en hul leeftydsgenote!

Eerder 'n heilige verdeeldheid as 'n onheilige eenheid

- T Adams

KONSENTRASIE

ALT de Bruijne

'... op die een steen is daar sewe oë ...' (Sagaria 3:9)

Vernoude blik?

Om 'n garing deur 'n naald se oog te steek, vereis konsentrasie. Jou oë fokus op één punt. Niks anders trek jou aandag af nie. Konsentrasie verg dikwels blikvernouing. Ten minste, so is dit by ons mense. By die HERE ook?


'n Mens kan byvoorbeeld benadruk dat die Here alles in die oog hou. Onwillekeurig skep dit 'n onpersoonlike afstand. 'n God met 'n 360° gesigsveld, 'n globale sig op die aarde. Hy sien alles tegelyk. Sien Hy ons dan ook raak met heel spesifieke aandag?

Of mense soek God se persoonlike betrokkenheid. Met liefdevolle konsentrasie sien Hy my. Onwillekeurig versmal dit jou geloof. Asof Hy niks meer as dit sien nie. Jy eis al sy aandag op vir jousef. Beteken God se konsentrasie op my lewe 'n vernouing van sy blik?

Steen

In 'n visioen sien Sagaria 'n steen. Dit vorm 'n treffende simbool van God se nuwe tempel. Die tempel is nog in aanbou. In die praktyk is daar dus 'n geswoeg en gesweet met stene. Tog oorhandig die Engel van die HERE die steen aan die hoëpriester Josua. God gee so die beheer oor die tempel-in-aanbou oor aan die volk. So seker sal daar uit hierdie aandra en geswoeg met stene, 'n tempel voortkom.

Die steen belowe ook 'n toekoms. 'n Nuwe



tempel beteken: tóg weer versoening. Deur die tempel gaan die HERE met sy volk op die pad na permanente versoening. So open die deur na nuwe geluk: sy koninkryk van vrede op aarde.

So 'n visioen is bemoedigend: deur julle moeisame geploeter met stene vandag

begin Ek iets groots!

Oë

Op die een steen is daar sewe oë. Moet ons nou hier dink aan die prentjie wat 'n mens soms sien? 'n Steen met sewe kante met 'n ingelegde oog in elke kant?

Maar Psalm 33:18 sê: "Kyk, die oog van die Here is 'op' die wat Hom vrees, op die wat op sy goedertierenheid wag." En in die boek Esra staan: God se oë is 'op' die werk aan die tempel. Oë wat êrens 'op' is, kyk dus na iets. Betrokke, met liefde.

Dus geen oë wat vas is aan die steen nie, maar oë wat die steen sien. God se aandag is op hulle skamele bouprojek. Op weg na die nuwe tempel

As ons God neem as ons God, dan neem ons ook Sy mense as ons mense.

- M Henry

in die toekoms. Na 'n volk wat deur die versoening die toekoms van sy Ryk tegemoet mag gaan. God doen weer wat Salomo in sy gebed gesmeek het na die bou van die eerste tempel: “sodat u oë oop mag wees nag en dag oor hierdie huis” (1 Konings 8:29). Hy verberg nie meer sy vriendelike aangesig nie. Hy koester sy volk met liefdevolle betrokkenheid.

So 'n visioen is bemoedigend: deur julle moeisame geploeter met stene vandag begin Ek iets groots!

Sewe op één

Het die HERE sewe oë? Sewe spreek van God se volheid. Gaan dit hier oor God se volle aandag vir hierdie een steen? Ja, en nee. God se volle aandag is sy aandag vir alles. Sy sewe oë is op die hele aarde. Die HERE is betrokke op die geheel, die totaliteit van alles. So konsentreer Hy op sy tempel in aanbou.

Dink byvoorbeeld aan ouers wat met liefdevolle aandag kyk na hoe jou kind op straat speel. Tegelyk hou jy die omgewing dop – byvoorbeeld

vir sy veiligheid. 'n Sportspeler konsentreer op die bal, maar dit is nie sy hoofdoel nie. Hy wil graag iets goed daarmee doen in die spelsituasie.

So toon die HERE sy betrokkenheid met die hele aarde en Hy neem dit saam wanneer Hy liefdevol na sy gemeente kyk. En omgekeerd hou Hy, met betrekking tot die gemeente, die hele skepping in die oog.

Wye blik

Om as Christen te leef en aan die gemeente te bou, lyk haglik.

Hoe beheers jy ooit alles wat om jou heen gebeur? Die wye blik van God se persoonlike aandag gee moed. Self fokus jy al gou met blikvernouing. Op die kerk, of jou persoonlike verhouding tot God, of enige plek waar 'n mens betrokke is.

En met jou wyer blik ervaar jy al gou die aandra van stene vir God se tempel as te onbelangrik. Of jy ervaar nie God se nabyheid by dit waarmee jy besig is nie.

Egte konsentrasie is: 'n wye blik saambundel om één middelpunt. Ons moet bly leer om dit te doen. Gelukkig kan die HERE konsentreer!

Die Christelike kerk is vanuit sy wese heerlik en ryk

- RB Kuiper

VERWONDERING OOR DIE LIEFDE

(DIE BOODSKAP VAN HOONGLIED)

JJ Schreuder



Soos die hele Skrif, is ook Hooglied deur God ingegee en nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid (2 Timoteus 3:16).

Daarby moet ons die eie aard van die boek Hooglied nie uit die oog verloor nie.

Ons moet hier in die eerste plek nie na morele onderwys soek nie. Oor wat goed en minder goed is op die gebied van die huwelik en seksualiteit, kry ons veel duideliker riglyne uit die skeppingsgeskiedenis en die opdragte in die Ou en Nuwe Testament. Ek meen dat Hooglied eerder verwondering by ons wil laat ontstaan oor hoe pragtig die Here man en vrou gemaak het om bymekaar te pas, hoe mooi die pad na die huwelik kan wees, hoe mooi die belewing van suiwer liefde en die volledige eenwording in die

huwelik is. Die krag van die liefde en erotiek wat die Here vir man en vrou gegee het, kan as iets pragtig beleef word. Lees maar Spreuke 5:18,19.

Tegelyk leer ons ook die kwesbaarheid van hierdie verhouding ken. Die Hooglied toon aan hoe belangrik dit is dat jy as jong man en meisie jouself net aan één gee. Jy ervaar hier hoe sterk die verlange na mekaar kan word; hoe dit 'n onweerstaanbare begeerte kan word. Daarom dan ook die refrein in 2:7, 3:5 en 8:4.

Liefde en erotiek tussen een man en een vrou word in Hooglied as iets suiwer en skoon beskryf. Is dit regtig so? Die besef is pynlik dat God ons wel pragtig gemaak het, maar dat ons soveel dinge bederf. Ons ontvang ons eie seksualiteit in 'n wêreld wat in die greep van die sonde is. Sondige begeertes kom ook voortdurend uit ons eie harte op. Dit kan die omgang met dit wat God gee, baie moeilik maak.

Hooglied kan ons pynlik konfronteer met wat ons mis. Jy deel dalk nie jou lewe met 'n hulp wat by jou pas nie. Of jy word in jou huwelik steeds met onvolmaaktheid gekonfronteer. Jy kan dan worstel met die vraag waarom hierdie mooi ervaring waarvan Hooglied so uitbundig spreek, nie aan jou gegee is nie.

Dit is dan goed om in gedagte te hou dat die liefdesliedere bedoel was om op bruilofte gesing te word. Familie en vriende was verheug oor dit wat aan die bruidspaar gegee is. Hooglied leer ons om bly te wees oor dit wat God gee, al is dit ook aan iemand anders. As ons hart suiwer is,

In elke kerkdiens behoort daar genoeg energie te wees om elkeen in die gemeente óf te herlaai óf te skok.

- V Havner

kan ons 'n mooi vrou of 'n aantreklike man sien en hulle skoonheid bewonder sonder om te dink: hoekom is daardie persoon nie vir my bedoel nie? Vanuit 'n suiwer hart kan ons bewonder sonder om te begeer, kan ons verwonderd staan en aan God die eer gee.

Maar wie van ons se harte is suiwer? Wanneer ons nadink oor Hooglied, kom ons uit by die Here Jesus Christus, die volmaakte Mens. Aan Hom is die huwelik nie gegee nie. Hy het wel die bruilof te Kana bygewoon en gedeel in die vreugde van die bruidspaar. Hy het daarvoor gesorg dat die vreugde nie deur 'n gebrek aan wyn versteur sou word nie.

Skoonheid, intimiteit en vervoering wys op iets

Skoonheid, intimiteit en vervoering wys op iets hoër. Dit sal hier op aarde nooit blywende en volmaakte bevrediging gee nie.

hoër. Dit sal hier op aarde nooit blywende en volmaakte bevrediging gee nie. Dit wys bo dit wat verbygaan na dit wat blywend is. Dit is die liefde tussen Christus en sy Bruid. Alle verlangens na geborgenheid, liefde en toewyding sal vervul word in wat Christus aan sy kerk sal gee. Dit sal ver uitstyg bo die mooiste wat daar nou tussen man en vrou kan wees op weg na en binne die huwelik.

SEËN

H van den Berg

Mag sterwende vaders vandag nog hulle kinders seën, soos wat ons sien in die geskiedenis van Isak wat Jakob seën?

Die geskiedenis is bekend genoeg. Dit staan in Genesis 27. Jakob wat sy blinde vader Isak bedrieg en hom die volgende seën ontfutsel het: *'En mag God jou gee van die dou van die hemel en van die vet grond van die aarde en oorvloed van koring en mos. Volke sal jou dien en nasies voor jou neerbuig. Wees 'n heerser oor jou broers, en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig. Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd hulle wat jou seën'* (vers 28, 29).

Net mooi wanneer dit alles plaasgevind het, kom Esau ingestap. Dan blyk dit dat gedane sake

geen keer het nie. Isak kan nie sy woorde herroep nie. Jakob sal geseënd bly, staan in vers 33. Daar bly maar bitter min vir Esau oor.

En so lees ons meerdere male in die Ou Testament van een persoon wat 'n ander seën. Noag wat Sem en Jafet seën (Gen. 9:26, 27), Jakob wat sy kleinseuns seën en later (Gen. 49) sy twaalf seuns: vir elkeen sy eie seën.

Mag sterwende vaders byvoorbeeld ook vandag nog hulle kinders so seën?

Wat beteken dit om te seën?

Ons kyk eers na die seëning van Isak. Watter indruk laat dit by ons? Ek is oortuig daarvan dat u dink: daar is iets magies aan hierdie seën. Immers, dit wat Isak gesê het, het hy onkeerbaar

In die hel is die individualisme op sy hoogtepunt. Daar is almal teen almal.

- JG Feenstra

gesê. Daardie gesproke woord is so sterk en emosioneel gelaai, dat dit nie meer verander kan word nie. Die seën kan nie meer gekeer word nie. Die seën is amper iets soos 'n profesie wat, as dit eers eenmaal uitgespreek is, word dit vanself waar. Ek het iewers gelees dat daar aan so 'n seën 'n *bepaalde werksaamheid toegeken kan word; soos 'n profetiese voorspelling in 'n sterk mate nader tot 'n profetiese daad, waardeur die profeet die voorspelde feit bewerk.*

Met ander woorde, deurdat dit gesê word, sal dit 'n feit word. So het hierdie persoon die seënwoorde van Isak geïnterpreteer. Let op die sekerheid in vers 33: Jakob 'sal geseënd bly'.

Tog moet ons nie in daardie rigting beweeg nie. Niemand sal ontken dat Isak op daardie oomblik belangrike en beslissende woorde gesê het nie. Maar dit is nie so dat die woorde self met 'n soort toorkrag gelaai is nie. Die HERE alleen beslis oor die seën en nie die magiese woord of Isak nie. God lê hierdie woorde in Isak se mond. God sal ook vir die kragtige uitwerking daarvan sorg en Jakob se lewe laat opbloeï. Hierdie eer kom nie 'n skepsel toe nie.

As hierdie woord dus eenmaal uitgespreek is, sal die seën dan outomaties uitkom? Nee, ook al staan dit nog so duidelik in vers 33 dat Jakob geseënd sal bly. Hy is inderdaad geseën. Isak kan nie hierdie woorde herroep en vervang deur ander nie. Maar die woorde doen nie *outomaties* hulle werk nie. Dit sal later blyk uit die geskiedenis. As die nakomeling van Jakob in

ongeloof en afgodery verval, dan is daar nie so baie volke wat hulle dien nie. Dan word hulle self gevange geneem en moet hulle in ballingskap ander volke dien.

Die seën moet in geloof aanvaar word en mag in die weg van geloofsgehoorsaamheid verwag word. Dit geld ook vir die seën wat ons Sondae in die kerk ontvang. Daarin word aan ons verkondig dat God Drie-enig beskermend saam met ons die nuwe week sal ingaan. Maar dit sal

wel in geloof en dankbaarheid ontvang moet word.

Seën en openbaring

Mag ons die seën oplê net soos Isak, Jakob en Noag en ander in die Ou Testament gedoen het? Ons wil op 'n belangrike verskil wys. Isak en veral Jakob spreek baie spesifieke, persoonlik-toegespitste seënwoorde uit. Jakob se seënwoorde aan Juda oor die septer

wat van hom nie sal wyk nie en oor die koms van Silo (die Messias), is bekend. Dit toon aan ons dat die HERE Isak en Jakob en ook ander gebruik het om nadere openbaring te gee. Hulle mog al seënend die nadere ontvouing van God se heilswerk dien. Oftewel: hulle profeteer. Hulle kry sig op die weg wat God gaan, na die koms van die Messias, en spreek hulle daarvoor uit.

Wel, ons oupas kan nie meer vandag op hierdie manier hul kinders en kleinkinders seën nie. Hulle kan nie elkeen van hul kinders 'n spesifieke, vir elkeen 'n eie seën saamgee nie. Hoekom nie? Die HERE neem nie nou meer die monde van (ou)pa's in diens vir 'n nadere



Om met God te wandel moet jy ook in die rigting wandel waarin God gaan.

- Anon

ontvoing van sy heil nie. Dit is nie meer nodig nie. Die Skrif is vir ons genoeg. Daarin staan alles wat ons nodig het om te weet vir God se eer en tot saligheid van hulle wat aan Hom behoort (NGB art 2.) Het ons as Nuwe Testamentiese gelowiges dan daarin agteruitgegaan? Nee, glad nie. God het Homself juis in die geheel van die Skrif ryker geopenbaar as in die tyd van die aartsvaders Isak en Jakob. Hy het ons die vervulling van hulle seënwoorde laat sien.

Seënwens

Ons lees in die Nuwe Testament nie, vir sover aan ons bekend, dat mense mekaar seën of die seën oplê nie. (Ek praat nie hier van die seën in die erediens nie. Daar is dit immers die seën wat die ampsdraer aan die gemeente oplê. Hy doen dit op die uitdruklike bevel van God self - Num. 6:22-27, wat weer in allerhande apostoliese seënwoorde deurklink.)

Wel lees ons die woord van die Here Christus: 'seën wie u vervloek'. Die apostels Paulus en Petrus gryp terug na hierdie woord (Rom.12:14; 1 Kor. 4:12; 1 Pet. 3:9). Daar word nie bedoel dat ons die vervolgers 'n seën moet oplê nie. Hoe sou ons mense 'n seën kon oplê, van wie duidelik is dat hulle ons oor ons geloof vervolg? God se seën kan mos nie op so 'n handeling rus nie? Ons sal dit soos volg moet uitlê: Christus dra aan ons op om ons vervolgers die goeie toe te wens, te bid dat God hulle die goeie sal skenk. Deur vriendelik te bly, hoop jy vurige kole op die hoof van die teenstanders. Jy vertel hulle van die evangelie en probeer so om vir hulle tot 'n seën te wees.

Hoe jy hierdie tekste ook al verder verklaar, die seënende (ou)pa wat sy (klein)kinders seën kom nie hier in beeld nie!

Wat ons wél kan doen is om 'n ander tot seën te wees. Ons huweliksformulier stel dit so: *'Bly trou aan mekaar en wees so seënryk werksaam op die plek wat God u in die gemeente en in die*

**Christus dra aan ons op om ons
vervolgers die goeie toe te wens, te
bid dat God hulle die goeie sal
skenk.**

samelewing gegee het. In hierdie formulier word ook gebid dat die getroudes *'mekaar trou bly... tot seën van hul naaste'*. Seënryk werksaam: deur 'n voorbeeld te wees wat aantrek in hoe jy die HERE dien, en so padwysers te wees na Hom toe. Jy mag iets beteken vir die regte lewensontplooiing van die ander, sodat sy lewe steeds meer vrugte van geloof, hoop en liefde sal voortbring.

Wat ons verder mag doen en wat ook gereeld gebeur: ons kan vir mekaar die seën van die HERE toewens, toebid. Ons kan dit doen op allerhande geleenthede: met 'n verjaardag, op 'n troudag. So 'n seënbede hou stilswyend 'n oproep in. 'n Appèl om trou te wees, gehoorsaam te wandel in die weg van God se gebooie. Slegs op hierdie manier mag ons immers 'n seën verwag!

**Ongelukkig weet die kerk soms meer van advertensie en bekendstelling
as van gebed.**

- L Ravenhill

VOLHARDING

Ds J.C. Bette



Ek het dikwels op die Maasrivier, langs die dorpie waar ek gebore is en grootgeword het, groot skepe sien vaar. Sommige met vreemde, maar ook baie mooi name – name wat waarskynlik iets weerspieël het van die innerlike lewe van die eenaar of die kaptein. Een van my gunstelingname wat ek my kan herinner, was ‘Die Volharding’. Ek het my ’n bekende ervaring van die vroeëre skeepskapteins voorgestel: na ’n pragtige somersdag pak die donker, byna swart wolke saam. Hulle grou koppe kom dreigend hoër op. Die natuur word stil. ’n Bietjie later hoor jy die gerammel van onweer in die verte. Die kaptein weet dat hy nie die hawe betyds gaan bereik nie, en tref sy maatreëls. Met geweld ratel die ysterkettings oorboord. Die swaar anker soek sy pad die diepte in. Hoe die stormwind ook aan die skip mag ruk, as die anker in die bodem vasgetrek lê, sal die skip nie begin dryf en te pletter geslaan word nie.

As die stormwind woed

Die Christenlewe kan vergelyk word met die vaart van ’n bootjie op die lewenssee. Dit is juis die wind wat die geloofseile laat bol en die lewensskip sy vaart gee. Soms is die weer rustig

en gaan alles voor die wind. Maar wanneer ’n storm opsteek, word ’n veilige anker belangrik. So is daar in die lewe van ’n Christen ook teenkragte aan die werk. Dit kan van buite kom, maar ook van binne kan dit storm en tekere gaan. Dink maar aan die aanvegtinge wat jy as Christen het in die verleidings van die wêreld wat op jou afkom. Die duiwel is daarop uit om ons anker los te ruk. En kry hy nie dikwels in ons hart ’n vatplek vir sy verwoestende werk nie? Vandaar die bede in die gebed wat Jesus sy dissipels geleer het: *“lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose”* (Matt. 6:13). Die Kategismus noem hierdie teenkragte ons doodsvyande, en noem hulle op: die duiwel, die wêreld en ons eie sondige vlees. Hoewel oorwonne, is die duiwel ’n sterk vyand wat raas en tier en soek na wie hy van sy geloofsekerheid kan losruk. Die wêreld is soos ’n instrument wat deur Satan geblaas en bespeel word, wat met krag en mag op die gelowige lostrek. Maar dit is in ons eie vlees, in wat nog nie van die sonde verlos is nie, waar ons die sterkste teenkrag teen God se genade kry. En hoe dikwels waai die stormwind nie uit alle hoeke tegelyk nie? Sou ons deur eie krag staande kon bly? Hoe sal ons volhou, volhard? Wat is die vaste grond waarin ons ewige anker vaslê?

Die sekerheid van die volharding

Die Griekse woord wat in die Nuwe Testament met volharding vertaal word, kan onder meer herlei word na ’n grondbetekenis van ‘daaronder bly’, ‘dit daaronder uithou’. Om by die beeld van skeepvaart te bly, kan ons hier dink aan die

Ons verower die hart van die Vader wanneer ons aan Hom die Naam van sy Seun voorhou

- J Calvin

pilare onder 'n groot brug oor 'n rivier. Hoe swaar die verkeer oor die brug ook is, die brug hou, omdat die pilare daaronder bly staan. Vir die pilare is dit weer van beslissende belang dat hulle 'n stewige en sterk fondament het.

Pilare wat self nie op vaste grond staan nie, kan geen brug ophou nie. Hierdie beeld laat ons dink aan die vaste fondament van die geloof. Om in die geloof te kan volhard, om onder swaar weer en swaar laste te kan stand hou, moet ons lewe gefundeer en geanker wees in die Here Jesus Christus. Hy is die fondament wat deur God self gelê is en wat altyd vastigheid bied (1 Kor. 3:11). Soos 'n pilaar vastigheid kry van die grond waarop dit rus, so het ook die gelowige nie vastigheid uit homself nie, maar vind dit alleen in Jesus Christus. Die sekerheid van volharding is dan ook nie geleë in menslike standvastigheid nie, maar in Goddelike trou. Die volharding van gelowiges rus op die heil wat God in Christus vir sy kinders berei het, en wat Hy vir hulle bewaar. Die basis van alle geloofsekerheid rus op die vastigheid van God se verbond en van sy troue liefde. Het u die vaste grond gevind? Is u lewe met Christus in God geborge en veranker? Dit is net op dié basis wat ons kan volhard!

Gelowiges is mense wat steeds bly uitsien na meer.

Twee kante van een saak

Die woord wat ons met volharding vertaal, beteken ook 'lydsaamheid' of soms 'standvastigheid'. Dit is duidelik dat volharding 'n passiewe en 'n aktiewe element inhou. Hierdie twee elemente het volledig op mekaar betrekking.

In die Ou Testament lees ons byvoorbeeld:

“Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!” (Ps. 27:14). Met die 'wag op die Here' gaan dit hier oor 'n gelowige wat in benoudheid verkeer. Hy keer hom tot God, omdat hy sy beloftes gehoor het en van Hom hulp en uitkoms verwag. Die gelowige sien in die moeilikhede van sy lewe geen moontlikheid meer om hom uit eie krag te red nie. Die enigste wat hom nog kan help, is die Here. Daarom wag hy God se hulp af. En die wonderlike is dat hy in sy afhanklikheid sowel die moed as die krag vind om die verdrukkinge te verdra, in die vaste verwagting van God se uiteindelijke uitredding. Die wat op die Here wag, kry nuwe krag (Jes. 40:31). Is hierdie wag slapheid of berusting? Is dit 'n passiewe houding? Glad nie! 'n Christen kan erken: 'Ek het dit verloor', maar hy sê nie 'ek is verlore' nie. Volharding is lewe met hoop! Gelowiges is mense wat steeds bly uitsien na meer.

Geloof in die toekoms

In die Nuwe Testament is die verwagting van die gelowiges gerig op (die wederkoms van) die Here Jesus. Die lyding van die teenwoordige tyd kan verduur word vanuit die perspektief van die reeds aanwesige, en straks volkome wordende, verlossing (Rom. 8:1e.v.). Nadat Paulus 'n aantal verskrikkinge opgesom het (verdrukking, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar en swaard), sê hy: *“Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het”* (v. 37).

Die geheim van oorwinning, die geheim van die volharding, lê in die laaste woorde: 'deur Hom (die Here Jesus) wat ons liefgehad het'. Ons kan in die stryd oorwin, omdat Hy in alles oorwin het. Die geloof van die Christen is 'n lewensverbintenis met die Here Jesus Christus. Ons kan daarin volhou wanneer ons die aandag gevestig hou op Jesus, die Leidsman en

The more a person is satisfied with Christ, the more he will find his satisfaction in satisfying Him

- JA Motye

Voleinder van die geloof (Heb. 12:2). So is God se werk in Jesus Christus die grond vir volharding, en ons geloof die pad wat God met ons loop om in die vaste grond veranker te word en te bly. Die geloof is die anker wat in die vaste grond van God se beloftes vasheg.

Stil maar, wag maar ...

Tog is daar Christene wat hulle lewensskip 'Die Berusting' gedoop het. In die moeilikhede van die lewe kan hulle niks beter doen as om te sug dat 'n mens niks daaraan kan doen nie. Hulle lê hulle by die lyding neer, en berus daarin as 'n soort noodlot wat oor hulle kom. Dit is nie die Bybelse weg nie! 'n Christen het met baie verdrukking, teenstand en selfs vervolging te doen (Hand. 14:22), maar die Bybel roep ons op om die wedloop wat voor ons lê, te voltooi. Daarby pas nie lydelike berusting nie, maar aktiewe volharding. Ons lees in sterk terme daarvan as 'weerstand bied' en stry 'ten bloede toe' (Heb. 12:4; Ef. 6:13). Om te volhard in die geloof, is om staande te bly in tye waarin dit lyk asof alles saamspan om die gelowige tot afval te bring. In die geestelike stryd word 'n Christen bedreig deur die versoeking om maar op te gee. Juis dan kom dit aan op volharding, die vermoë om uit te hou en nie te beswyk nie. Alle kragte van die geloof moet gebruik word om te oorwin in die geveg teen die versoeking tot afval. Volharding is die geloof in sy volle aktiwiteit, die krag van die heil in werking. Skakels in die ketting wat volharding genoem word, is die gebed, die lewensheiliging en lofprysing. Die volharding van die gelowige rus in God, bou op God en oorwin deur God. 'n Meer dinamiese lewe is nouliks denkbaar!

Aanvaar die lyding ...

In 'n aantal Bybelverse val die nadruk op 'n ander kant, nl. die passiewe kant van die begrip

volharding. In sy eerste brief moedig Petrus die gelowiges aan vanuit die genade en ter wille van die Here Jesus, om slegte en onregverdige behandeling te verdra. Dit het Jesus ook gedoen, en Hy het gesê dat sy volgeling Hom daarin moet navolg. Om leed te verdra terwyl jy goed doen, dit noem die apostel genade! (1 Pet. 2:19-24). Sulke leed kan in allerlei vorme voorkom, soos smaad, laster (1 Pet. 3:16) en selfs mishandeling. Die Bybel roep ons op om leed wat die Christen ten onregte oorkom, te aanvaar en verduur. Die gesteldheid moet nie een wees van tandeknersend ingehoue woede nie, maar van "*dit oorgee aan Hom wat regverdig oordeel*" (1 Pet. 2:23). Dié opdrag is moeilik om te verstaan – dit gaan dwars teen ons menslike gevoelens in. Volharding is dan ook allermens 'n vanselfsprekende aangeleentheid. Dit kan alleen gebeur vanuit die hegte geloofseenheid tussen ons en Hom wat ons daarin voorgestaan het.

Die lede van die Christelike gemeente word opgeroep tot volhardende nederigheid in hulle omgang met mekaar. 'Dit mag miskien so wees, maar ... ' sal iemand sê. Maar dit is die Bybel se opdrag dat ons sonder om te mor, moeite van mekaar verdra. Die skrywer van Hebreërs prys die eerste lesers van sy 'preek' vir hulle vroeë voortrefflike gedrag: hulle het blymoedig die



In God se teenwoordigheid voel die gelowige homself oorweldig en onwaardig, en tog wil die kind van God nêrens anders wees nie.

- AW Tozer

berowing van hulle goed aanvaar, omdat hulle geweet het van 'n beter en blywende besit in die hemel (Heb. 10:34). Nuwe lyding het nou weer oor hulle gekom en hulle het opnuut volharding nodig. Hulle sal weer alles in die werk moet stel (aktief) om die lyding met aanvaarding te ondergaan (passief). So doen ons die wil van God. Dit is duidelik dat dit deur menslike kraginspanning onmoontlik is.

Om in sulke omstandighede blymoedig te wees, is net moontlik in ons noue verbintenis met die Here Jesus Christus. Dit is die vrug van die kruis in die lewe van 'n kind van God; dit is die vrug van 'n keuse, 'n beslissing wat voor God gemaak word. 'n Christen aanvaar die kruis en volhard in die dra daarvan, omdat hy in gemeenskap met die Gekruisigde lewe.

God is getrou

Volharding in die geloof en in die stryd vir toenemende gehoorsaamheid is egter nie 'n saak van eie inspanning nie. As dit so was, sou ons net so ondergaan soos Petrus op die golwe (Matt. 14). Volharding is ten diepste 'n saak van die troue God wat sy kinders tot die einde toe met krag bewaar. Dit is die uitreikende hand van Jesus wat ons, soms sinkende hand vasgryp. In volharding blyk dat God se genade sterker is as die stormwinde van sonde en die golwe van aanvegtings. Wie deur God bewaar word, word goed bewaar. Die Here trek nie sy hand terug van sy kind nie. Waar die saad van die wedergeboorte 'n mens eenmaal vernuwe het, gaan die genade nooit weer weg nie. Dit gebeur nie vanself nie. God en mens is voluit daarby betrokke. Maar agter alle geestelike lewe klop die hart van God se barmhartigheid. Wat die Here God begin, sal Hy voleindig (Filippense 1:6). Hy gee genade op genade, die een genade op die ander. Ons het dit nodig! Net soos dit genade is om genade te ontvang, is dit ook

genade om in die genade te bly. So is volharding dan 'n proses vol spanning; dit is 'n geskenk wat die gelowiges ten deel val terwyl hulle op die pad is van gelowige toewyding aan die roeping van God. Ons ervaar hier, soos dikwels in die Christelike geloof, 'n bepaalde spanning tussen gawe en opdrag, tussen geskenk en roeping. Dit is die spanning tussen rus in God se beloftes, en lewe in die krag van die Heilige Gees!

Die geheim van die volharding, lê in die laaste woorde: 'deur Hom wat ons liefgehad het'.

Tussen die rotse deur

Wanneer 'n mens deur die genade van God standvastig bly in sy geloof en tot die einde toegewy bly, dan is dit volharding. Oor hierdie durende aspek van die geloofslawe word baie vrae gevra. Sal iemand wat 'n Christen geword het, dit altyd bly? Met ander woorde, sal 'n gelowige wat waarlik wedergebore is, deur God geregverdig en verenig is met Jesus Christus, dit kan volhou? Hierdie vrae is vir die praktiese Christenlewe van groot belang. As daar nie sekerheid is oor die blywendheid van ons verlossing nie, sal dit immers gevolge hê vir die uitwerking van die Christen se opdrag in die daaglikse lewe. Onsekerheid en angs sal die geestelike krag verlam en selfs vernietig. Hierteenoor staan onverskilligheid en laksheid, wat die gevolg kan wees van 'n mens se absolute sekerheid van sy verlossing afgesien van wat hy in die lewe doen of nalaat; dan kom ons in elk geval mos daar, en maak dit nie soveel saak hoe ons met die morele en geestelike waardes van die Evangelie omgaan nie. Om met ons skip tussen die twee rotse van onsekerheid en onverskilligheid deur te vaar, is 'n Bybelse kaart vir die geloofslawe noodsaaklik.

Voordat ons die kruis kan sien as iets wat *vir ons* gedoen is, moet ons dit eers sien as iets wat *deur ons* gedoen is.

Daar is 'n oorweldigende aantal Bybeltekste waarin ons die sekerheid van God se bewaring van die gelowiges vind. Wat 'n troos is daar in Jesus se voorbidding, soos dit beskryf word in Johannes 17!. Wat 'n hulp is daar in die gawe van die Heilige Gees en sy blywende gemeenskap! (Joh. 14:16,17; Ef. 1:13). Wat 'n sekerheid gee die belofte van God se trou! (Filip.

In volharding blyk dat God se genade sterker is as die stormwinde van sonde en die golwe van aanvegtings.

1:6; 1 Pet. 1:4 e.v.). Wat 'n rus is daar in die wete dat God met sy plan met die lewe van sy kinders voortgaan! (Rom. 8:29,30). Wat 'n vreugde is dit nie om tot die kudde van die Goeie Herder te behoort en te weet dat Hy gesê het: *“My skape ... sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie”* (Joh. 10:27,28).

Maar in direkte verband met hierdie heerlike trooswoorde is daar ook 'n groot aantal Bybeltekste waarin ons opgeroep en vermaan word om te volhard en te bly in die werk wat God in ons begin het.

Daar is die ernstige waarskuwing, wat ons op verskeie wyses in die Hebreërboek vind, om nie in die genade van God te veragter nie. In hierdie

boek word oor die hoogste verheuenheid van Christus geskryf, maar, daarmee verweef, word die gelowiges ook aangespoor om in Christus volwasse te word en 'n einde te maak aan hulle geestelike armoede en afval. Die Hebreërskrywer wissel sy positiewe weergawe van die oppermag van Christus af met ten minste vyf ernstige waarskuwings teen die gevaar om van Hom weg te draai (2:1-4; 3:7-4; 5:16-6:20; 10:19-39; 12:25-29). Hoe droewig is die geskiedenis van Ananias en Saffira (Hand. 5), van Alexander en Himenéüs (1 Tim. 1:20; 2:17) en van Demas (2 Tim. 4:10). Met watter kragtige woorde roep die Bybel die gelowiges op om vol te hou en nie af te dwaal of onderweg te stop nie! Die roete vir die vaart van volharding is duidelik uitgemerk met bakens en ligte wat die gevaarpunte aangee. Elke gelowige het 'n stuurman aan boord wat hulle veilig deur elke storm lei. Daar is nie vir ons 'n kalm vaart belof nie, maar wel 'n veilige aankoms! Dit alles roep ons op tot 'n radikale toewyding aan die genade en liefde van God. Volharding bewerk groot ontvanklikheid vir die Woord van God en diep verlanse om in die krag van die Heilige Gees op sy pad te gaan. Sonder die aansporings kan ons klaarblyklik nie waardig aan die Here op sy voetspoor loop nie. Laat ons al tydens ons reis, reeds voor die veilige aankoms, aan God alleen al die eer gee!

Die geskiedenis-van-sending is die geskiedenis-van-beantwoorde-gebede

- SM Zwemer